

## SINODE OOS-KAAPLAND 2021

# HANDLEIDING VIR AFGEVAARDIGDES: ZOOM: INSTALLASIE EN REGISTRASIE

### SAMEVATTING VAN DIE DRIE STAPPE:

- **Registreer gratis op ZOOM**  
Stap 1 op rekenaar, stap 2 op selfoon of tablet – sien instruksies hieronder in dokument
- **Installeer ZOOM op jou rekenaar, selfoon of tablet**  
Stap 1 op selfoon of tablet, stap 2 op rekenaar – sien instruksies hieronder in dokument.
- **Teken in op ZOOM op jou rekenaar, selfoon of tablet**  
Daar is een van twee metodes wat jy kan volg – sien instruksies hieronder in dokument

## 1. INLEIDING

Die Oos-Kaaplandse sinode vergader vanjaar aanlyn op Zoom. Dit is noodsaaklik dat afgevaardigdes behoorlik van hierdie handleiding kennis neem en die stappe daarin sorgvuldig volg.

## 2. MINIMUM VOORVEREISTES VIR ELKE AFGEVAARDIGDE

Elke afgevaardigde moet vooraf aan die volgende minimum-vereistes voldoen:

- 2.1 Beskik oor 'n unieke e-posadres waarby jy as afgevaardigde e-pos ontvang wat jyself op 'n rekenaar, selfoon of tablet kan aflaai en lees. Indien jy nie oor so 'n e-posadres beskik nie, kan die sinode tydelik vir jou een voorsien. Doen onmiddellik navraag.
- 2.2 Hierdie e-pos adres is gebruik om vir jou 'n gratis Zoom-intekening te registreer. Jy teken op jou rekenaar, tablet of selfoon op Zoom in en skakel dan by die aanlyn-sinode in.
- 2.3 Hierdie selfde e-posadres is by die sinodale kantoor op rekord, aangesien ons jou toegang tot die vergadering op Zoom met hierdie e-posadres beheer. Die e-pos waarmee jy op Zoom geregistreer is en die e-pos waarby ons jou kontak moet dus dieselfde wees.
- 2.4 **HARDEWARE:** Jou rekenaar, tablet of selfoon beskik oor 'n mikrofoon en 'n kamera sodat jy aan die vergadering kan deelneem. Skootrekenaars, slimfone en tablette voldoen gewoonlik aan hierdie vereistes. As jy vanaf 'n staanrekenaar ("desktop") inskakel, moet jy asb seker maak dit beskik oor 'n "webcam" – kamera en mikrofoon wat via USB konnekteer.

## REKENAARGEbruikers:


### 3. REGISTRER JOU INTEKENING OP ZOOM : MET 'N REKENAAR

Indien jy nog nie oor 'n Zoom-intekening beskik nie moet jy registreer. Hierdie is **DEEL EEN** van die registrasieproses, om 'n gratis Zoom-rekening oop te maak. **DOEN DIT AS VOLG** op jou rekenaar:


- 3.1 Gaan na [www.zoom.us](http://www.zoom.us). Klik regs bo op die skerm op "SIGN UP, IT'S FREE".



- 3.2 Verskaf dan jou geboortedatum, wanneer dit gevra word.
- 3.3 Tik daarna jou e-pos adres in. (Hierdie adres **moet** ook by die sinode op rekord wees). Ons het reeds per e-pos die adres wat ons kantoor op rekord het met afgevaardigdes bevestig. Laat weet dadelik as dit moet verander. Moenie iemand anders se e-posadres vir jou Zoom-intekening gebruik nie.
- 3.4 Jy kry nou 'n boodskap wat sê 'n e-pos is aan jou adres gestuur met 'n skakel waarop jy moet klik om jou e-posadres te bevestig:



- 3.5 Laai jou e-pos af en gaan (in jou e-posprogram) na die e-pos vanaf Zoom. Klik op die skakel wat Zoom aangestuur het:



3.6 Hierbo is 'n fiktiewe e-posadres ter illustrasie – [direkteur@ngkok.co.za](mailto:direkteur@ngkok.co.za). Jou eie e-posadres moet hier staan.

Nadat jy op ACTIVATE ACCOUNT geklik het, maak die volgende skerm oop:


Vul nou jou besonderhede in en kies 'n wagwoord. Teken jou e-posadres en wagwoord aan. Belangrik: Die "First Name" en "Last name" wat jy hier invul verskyn op die skerm wanneer jy op 'n Zoom-vergadering inskakel. Dit is belangrik sodat ander jou kan herken. Klik op "Continue".

3.7 Jou gratis Zoom-rekening is nou geaktiveer en jy is op Zoom se webblad ingeteken. Jy kan Zoom nou toets deur 'n vergadering "oop te maak". Dit is nie noodsaaklik nie. Jy is nou halfpad.


## DEEL TWEE

Jy het nou 'n gratis Zoom-rekening. Ons kom nou by die tweede deel van die registrasieproses, wat behels dat jy die klein Zoom-program ("Zoom client") op jou rekenaar aflaai. Dit is noodsaaklik.


- 3.8 Gaan na [www.zoom.us](http://www.zoom.us) en teken in op jou Zoom-rekening met jou e-pos en wagwoord. Nou kan jy die "Zoom client" aflaai. Klik regs bo op die skerm op "RESORUCES en dan op "Download Zoom client":




- 3.9 Op die skerm wat oopmaak, klik op die blou blokkie **DOWNLOAD** onder "Zoom Client for Meetings" – die heel boonste opsie (jy doen die "manual download" – klik op **Download**:




- 3.10 Stoor nou die lêer "Zoominstaller.exe" op jou hardeskyf, klik daarop en installeer die "Zoom Client".
- 3.11 Maak die Zoom Client oop. Op die skerm wat verskyn, kies jy "**Sign In**" (hierdie stap is krities belangrik om jou deelname aan die sinode te verseker):



- 3.12 Op die skerm wat nou verskyn tik jy jou e-posadres (dieselfde waarmee jy jou gratis rekening registreer het en wat by die sinode op rekord is) en jou wagwoord in (maak ook seker daar verskyn 'n regmerkie in die blou blokkie "Keep me signed in"):



- 3.13 Jy is nou ingeteken en behoort die volgende skerm te sien:




3.14 Jy is klaar en kan Zoom eers toemaak. Jy is nou gereed om die skakel wat ons kort voor die vergadering aan jou stuur te klik. Jou Zoom-kliënt sal oopmaak en jy sal tot die vergadering toegelaat kan word. Zoom se sekuriteit sal jou toelaat want jy is ingeteken op 'n Zoom-rekening met 'n e-posadres wat pas by jou geregistreerde e-posadres.

(Blaai om)

## SELFOONGEBRUIKERS:

### 4. **REGISTREER JOU INTEKENING OP ZOOM : MET 'N ANDROID SLIMFOON OF ANDROID TABLET**

- 4.1 Maak die Playstore oop en soek na "Zoom Cloud Meetings". Laai die app af en installeer.
- 4.2 Wanneer jy die Zoom-app die eerste keer oopmaak, klik onderaan die skerm op "Sign Up".



- 4.3 Jy verskaf nou jou geboortedatum en daarna ook die ander besonderhede (jou e-pos, en voornaam en van) soos hierbo beskryf onder punt 3:

First Name

Last Name

Password

**This field is required.**

Confirm Password

**For Educators:** Select this option if you are signing up on behalf of a school or other organization that provides educational services to children under the age of 18

[Continue](#)

4.4 Klik "continue" (skerm hierbo). Wanneer Zoom vra jy moet jou vriende nader, kan jy maar klik op SKIP THIS STEP:


Email Address

Email Address

Email Address

[Add another email](#)

I'm not a robot

 reCAPTCHA  
Privacy - Terms


[Invite](#) [Skip this step](#)

4.5 Zoom stuur nou 'n aktivering-e-pos na jou e-pos adres. Maak daardie e-pos oop en klik op ACTIVATE ACCOUNT:

**ACTIVATE ACCOUNT**



- 4.6 Zoom neem jou nou na 'n webblad waar jy die registrasie voltooi.
- 4.7 **BELANGRIK:** Open nou weer die Zoom-app op jou selfoon en klik hierdie keer op **SIGN IN** (dit is krities belangrik):



- 4.8 'n Skerm maak nou oop waar jy jou e-pos en wagwoord intik. Zoom is nou geaktiveer op jou selfoon.
- 4.9 Wanneer jy e-pos met die skakel na die Zoom-vergadering van die sinode kry, moet jy op een van twee maniere by die vergadering aansluit:
- Jy maak die e-pos van die sinode op jou selfoon oop. Jy kan nou op die skakel klik. Zoom sal dan op jou selfoon oopmaak en jy sal deel van die vergadering wees.
  - Alternatiewelik maak jy Zoom oop, en tik die "Meeting ID" en "Passcode" in.
- 4.10 Verwys egter na die latere afdeling in hierdie dokument wat oor die aansluit by 'n Zoom-vergadering handel.

## 5. **REGISTREER JOU INTEKENING OP ZOOM : MET 'N APPLE SLIMFOON OF IPAD**

- 5.1 Die stappe om Zoom op jou iOS of iPADOS te installeer, is dieselfde as vir Android-selfone (sien hierbo).
- 5.2 Begin egter deur na die Appstore te gaan en laai Zoom app for iOS of Zoom app for iPADOS af en installeer "ZOOM Cloud Meetings".
- 5.3 Maak die app oop en volg die proses soos vir 'n Android toestel (sien hierbo).
- 5.4 OPSOMMING  
Laai die app af vanuit die Apple Appstore  
Registreer 'n gratis Zoom-rekening (kyk na die instruksies by Android fone)  
Teken in ("sign in") op die Zoom-app (kyk na die instruksies by Android fone)

### **VIR ALLE GEBRUIKERS:**

## 6. **SLUIT BY DIE ZOOM-VERGADERING AAN**

- 6.1 Die belangrike punt is dat **jy** die aksie moet neem om by 'n Zoom-vergadering of -byeenkoms in te skakel. Niemand gaan jou skakel nie – jy moet die aksie neem om in te skakel.
- 6.2 Beskou die skakel (of inligting om in te skakel) wat jy by die Sinode van die Zoom-vergadering kry as vertroulik. Dit is die basiese voorsorg om te verhoed dat ongenooide persone op die vergadering inskakel.
- 6.3 **Maak vooraf seker jou selfoon of tablet se battery is volgelaai en hou 'n kragpunt en laaier byderhand.**
- 6.4 **Drie metodes om in te skakel**  
Daar is **drie maniere** waarop jy by die vergadering kan inskakel:

### **6.4.1 Gebruik die webskakel wat in die uitnodiging aan jou gegee word**

Die gasheer of organiseerder van die ontmoeting sal vir jou 'n webskakel stuur waarop jy kan klik om by die vergadering in te skakel. Klik so 5 minute voor die vergadering begin op die skakel.

Wanneer jy inskakel, sal jy gevra word of jy met video of daarsonder wil inskakel. Jy kan kies. Indien jou data min is, of jou internet-konneksie nie so sterk nie, kan jy sonder video inskakel. Jy kan video deur die loop van die vergadering aan- en afskakel soos dit jou pas.

### **6.4.2 Gebruik die "Meeting ID" en die "Passcode" (wagwoord) om in te skakel**

Vir diegene wat die Zoom-app op jou selfoon of tablet gebruik, of vir diegene wat direk uit die Zoom-kliënt op jou rekenaar wil inskakel, is die "Meeting ID" en wagwoord beskikbaar. Dit word ook deur die organiseerder / gasheer aan jou verskaf.

Klik op "Join". Daarna tik jy die "Meeting ID" en wagwoord in soos aan jou verskaf.

## 6.5 Op 'n selfoon: MeetingID en Passcode

6.5.1 Kom ons begelei persone wat via selfone of tablette by die vergadering inskakel.

6.5.2 Jy ontvang 'n skakel vanaf die sinode. Dit bevat 'n paar elemente en lyk as volg (hierdie is 'n denkbeeldige voorbeeld):

Danie Mouton is inviting you to a scheduled Zoom meeting.  
Topic: Denkbeeldige Zoom-vergadering  
Time: Sep 27, 2021 11:00 Harare, Pretoria  
Join Zoom Meeting  
<https://us02web.zoom.us/j/84919738354?pwd=WGtXeStxY0JvOWRqZXZnQWx0enFXQT09>  
Meeting ID: 849 1973 8354  
Passcode: 175048


6.5.3 Die tema, datum en tyd is vanselfsprekend. Vir ons doel is die webskakel (wat altyd met https:// begin), die Meeting ID en die Passcode belangrik.

**Die direkte webskakel** ("hyperlink", https://...). As jy dit op jou selfoon het, kan jy net daarop klik. Jou Zoom-app sal oopmaak en aangesien jy reeds 'n gratis Zoom-rekening het, sal jy dadelik na die vergadering gaan. Kies om met klank aan te sluit (wifi of mobiele data).  
**'n Meeting ID en 'n passcode:** Hierdie metode van inskakeling is 'n alternatief vir die direkte webskakel. Kies om met klank aan te sluit (wifi of mobiele data).


6.5.4 Om met die direkte webskakel aan te sluit, is eenvoudig. Soms het jy dit egter nie op jou selfoon nie. Dan moet jy die Meeting ID en Passcode gebruik. Dit is net so maklik, maar in die volgende afdeling wys ons jou hoe.

### 6.5.5 Hoe om met die Meeting ID en Passcode in te skakel

**Eerstens** maak jy Zoom op jou selfoon, tablet of selfs rekenaar oop. Klik op **JOIN** uit die lys van opsies:




6.5.6 **Twee:** Op die skerm wat verskyn, tik jy die Meeting ID in soos aan jou verskaf



**Drie:** Maak seker jou naam verskyn reg op hierdie skerm – hierbo staan bloot as voorbeeld "Danie Mouton" – plaas jou naam hier, dit is die naam wat ander deelnemers op hul skerm gaan sien. Jou naam moet reg wees sodat ander jou kan herken. Soms staan hier iets soos "Galaxy A32" – verander dit na jou naam.

**Vier:** Klik nou op JOIN en verskaf die "Passcode" (wagwoord soos ons aan jou verskaf het) op die volgende skerm.

**Vyf:** Zoom vra gewoonlik of jy met of sonder audio en/of video wil aansluit. Klik beslis op "Join Audio". Indien Zoom vra of jy met Wifi of cellular data wil aansluit, moet jy bevestig deur daarop te klik:



## 7. OEFEN VOORAF

- 7.1 Dit sal wonderlik wees as 'n paar van julle vooraf bietjie met Zoom kan oefen. Maak seker die program of app is reg geïnstalleer, jou rekening is geregistreer en jy kan inkom op 'n Zoom-vergadering.

## 8. GEREELDE OPDATERING

- 8.1 Dit is belangrik om die Zoom-app op jou selfoon of die toepassing op jou rekenaar gereeld op te dateer om seker te maak jy beskik oor die nuutste sekuriteitsmaatreëls. In hierdie opsig is Zoom soos enige rekenaarsagteware. Dit moet gereeld opgedateer word.

### VERKORTE INSTRUKSIES – VIR KUNDIGE GEBRUIKERS

Zoom is 'n stabiele digitale platform wat min data gebruik. 'n Gebruiker kan by 'n Zoom-vergadering aansluit vanaf enige rekenaar met 'n *webcam* (mikrofoon en kamera) en luidsprekers. 'n Skootrekenaar werk goed. Gebruikers kan ook die Zoom-app op slimfone of tablette aflaai.

#### 1. INSTALLASIE

Hier is die instruksies:

##### 1.1 WINDOWS

1.1.1 'n Klein program, die Zoom-kliënt, word van die internet afgelaai en op jou rekenaar installeer. Dit staan bekend as die *Zoom Client for Meetings*. Gaan na hierdie webblad en laai dit af (dit is die eerste opsie op die webblad): <https://zoom.us/download>

1.1.2 'n "Save as" skerpie sal oopmaak – stoor nou die legger *ZoomInstaller.exe* op jou rekenaar se hardeskyf. Dubbelklik op *ZoomInstaller.exe*. Klik "run" op die "open-file" instruksie op jou skerm. Die program sal installeer. Gee die nodige toestemming wanneer Windows daarvoor vra.

1.1.3 Nou moet jy 'n gratis Zoom-rekening oopmaak. Wanneer Zoom jou gedurende installasie vra, tik jou e-posadres as gebruikersnaam in en 'n wagwoord van jou keuse. 'n Ander opsie is om na [www.zoom.us](http://www.zoom.us) te gaan en te klik op "Sign up free".

1.1.4 Jy kan nou in-log op die Zoom client for Windows wat jy op jou rekenaar installeer het.

##### 1.2 SLIMFOON OF TABLET

1.2.1 Zoom is beskikbaar op die *Play store* (Android-fone), sowel as op die *Apple Appstore* (iOS and iPadOS). Laai dit af op jou selfoon of tablet. Gee aan Zoom al die "permissions" waarvoor dit mag vra.

1.2.2 Na afloop van installasie, moet jy 'n gratis Zoom-rekening oopmaak. Nadat jy dit gedoen het, moet jy op jou rekening op die app in-log. Gebruik jou e-posadres as gebruikersnaam.

1.2.3 Verseker dat jou slimfoon vol gelaai is (met jou laaier naby) wanneer jy op 'n Zoom-vergadering inskakel. Nie dat Zoom so baie batterykrag gebruik nie, maar ons wil nie sien dat jou battery leeg loop terwyl jy met ander skakel nie.

1.2.4 Jy is nou gereed om by 'n Zoom-ontmoeting in te skakel.

## 9. NAVRAE

9.1 Rig alle versoek om hulp aan [danie@ngkok.co.za](mailto:danie@ngkok.co.za).

Met beste wense,

Danie Mouton  
September 2021